# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 19 3 Mei 2026

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:***
**Emeritaatsversorging**
Doel: Om die emerituspredikante, -weduwees en wese van die Gereformeerde Kerke met lewensonderhoud en mediese bystand eervol te help versorg.

## DIENSBEURTE

**Sondag 3 Mei**
**Oggend: Wyke 12 & 13**
*Oudle:* Wico Swanepoel
Gerhard Vermaak
*Diakens:* Otto de Vries
Theuns van Wyk
Louw Lemmer
Braam Smith

**Aand: Wyke 14 & 15**
*Oudle:* Alwyn Rossouw
Edward Swanepoel
*Diakens:* Deon van der Merwe
Leon Haasbroek



## NUWE ORRELIS

Ons heet Hanlie Bekker, ons nuwe orrelis, hartlik welkom in ons gemeente. Ons vertrou dat jy gou tuis sal voel in die Waterkloofrandfamilie.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Sondag:**
**Bybelstudie:** Na die aanderediens vir die naskooljeug (18 – 30)

**Maandag:**
**Katkisasie**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11: 18:00-18:45
Graad 9 &10: 19:15-20:00

20:15 Evangelisasiekommissie - Pastorie

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie
19:00 Breë Kerkraadsvergadering

## BREË KERKRAARSVERGADERING

Die Breë kerkraad vergader Donderdag 7 Mei 2026 om 19:00 in die saal.

*Ons vra u voorbidding vir die Here se seën op hierdie vergadering.*

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 19 & 21 o.l.v. *Phthessa Jansen van Vuuren en Elmien van Staden* nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens.

## KATKISASIE

Daar sal agv die lang naweek hierdie Sondag geen katkisasie wees nie. Daar is wel Maandag katkisasie vir die hoërskooljeug by die pastorie.

Daar sal wel weer van volgende Sondag 10 Mei katkisasie wees.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder."*
*Jesaja 12: 2b*

*Sondag 3 Mei*

| | |
|---|---|
| Vincent Smith | 078 878 2908 |
| Jasper Steyn | 083 299 7431 |

*Maandag 4 Mei*

| | |
|---|---|
| Lukiyan Sakharov | 082 304 2656 |

*Dinsdag 5 Mei*

| | |
|---|---|
| Johan Bergh | 078 457 3728 |
| Retha Bos | 083 398 0095 |

*Donderdag 7 Mei*

| | |
|---|---|
| Susan Conley (87) | 066 328 7423 |
| Liesl Schutte | 083 949 5342 |
| Sunet Smith | 083 557 3370 |

*Vrydag 8 Mei*

| | |
|---|---|
| Leendert Snyman (83) | 082 890 4758 |
| Petro Steyn | 063 257 7754 |

*Saterdag 9 Mei*

| | |
|---|---|
| Josh Fogwill | 082 325 8399 |

*Sr Susan Conley* vier Donderdag haar 87ste verjaardag en *br. Leendert Snyman* vier Vrydag sy 83ste verjaardag. Hartlik geluk aan beide. Ons bid u die Here se rykste seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag julle en julle gades elke dag bewus wees van God se liefde en genade. Mag julle 'n geseënde dag hê met julle geliefdes



13 As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing. 14 As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here.

## MEELEWING

Ons is saam met *Jannie Erasmus* baie dankbaar dat hy, nadat hy al 7 weke in die hospitaal was, sodanig herstel het dat hy nou aansterk in ‘n versorgingsplek. Ons vertrou dat dit van nou af net beter sal gaan.
082 437 7188

*Willie Enslin* is opgeneem in die versorgingseenheid in Upper Waterkloof aftreeoord. Ons bid dat die Here hom en Nelie 082 961 1037 elke dag naby sal wees en krag en genade sal gee in hierdie moeilike tyd. Sy genade is vir ons genoeg.

*Kittie Broos* het verlede Vrydag geval en haar skouer ontwrig. Sy ervaar baie pyn en sterk by haar seun aan. Ons bid dat die pyn gou minder sal wees en dat die skouer gou beter sal voel. 083 703 5727

*Rhode Erasmus* was die afgelopen week in die hospitaal vir toetse. Alles het gelukkig goed afgeloop. Ons wens jou alles van die beste toe. 082 976 6247

## NUWE VOORSITTER VIR DIE DIAKENS

Phillip Fourie is verkies as voorsitter van die diakens. Ons bid dat die Here jou sal toerus met wysheid, insig en genade vir dierdie taak. Ons hartlike dank aan Herman van Heerden wat die taak die afgelope paar jaar hanteer het.

## EVANGELISASIEKOMMISSIE-VERGADERING

Evangelisasie Kommissie vergader Maandag 4 Mei 20:15 by die pastorie.



## ATTESTATE

*Nicolette Trichardt* het met attes van Matlabas by ons aangesluit. Hartlik welkom *Nicolette*, ons vertrou dat jy sommer gou deel sal voel van ons gemeente. 060 504 2581

*Carina van der Dussen* het met attestaat vertrek na GK Centurion Ons wens jou alles van die beste toe en vertrou dat jy daar gelukkig sal wees.

## BEROEPENUUS

*Beroepe ontvang*
* Proponent ER (Eugene) du Plessis na GK Kuruman
* Ds HV (Henning) Venter van GK Windhoek na GK Sanveld (Namibië)

*Beroepe aanvaar*
* Ds HJ (Herman) Coetzee van GK Empangeni na GK Middelburg, Kaap

* Ds IJ (Izak) van der Westhuizen van GK Colesberg na Calvary Presbytery van die Presbiteriaanse Kerk van Amerika, om by die Universiteit van Clemson, South Carolina, kampusbediening te doen onder die plaaslike internasionale studente, as Kampusbedienaar.

## PROGRAM VIR MEI

7 Mei: Breë Kerkraadsvergadering
9 Mei: Saterdag: Jong Lote
08:30 Boustene vir reformatoriese ouers: Ons Kerkgebou
10 Mei: Wyksbyeenkoms
**Wyke 9, 11, 13, 19 & 21**
12 Mei: 09:30 Jeug van Gister Gesprek oor "Die dood en daarna". Alkantrant Kerkgebou
14 Mei: 19:00 Hemelvaartdiens
16 Mei: DOPPERSPELE
24 Mei: Voorbereiding
28 Mei: Ouderlingevergadering
31 Mei: Heilige Nagmaal
Gemeente-ete

## HEMELVAARTDIENS

Ons vier op **Donderdagaand, 14 Mei om 19:00** ons Here Jesus Christus se Hemelvaart saam met Alkantrantgemeente in ons kerkgebou. Ds. Jan-Louis Lee sal die erediens lei.

## KERKKANTOOR

Nienke van der Walt is met verlof en die karkkantoor sal gesluit wees tot 13 Mei. In dringende geval skakel jou ouderling of ds. Jan-Louis.

## GEMEENTEINLIGTINGSBOEKIE

Daar is 'n opgedateerde Gemeente-inligtingsboekie by die deure beskikbaar.









RSVP ASB VOOR WOENSDAG by An Venter 079 679 0002



## *HOE VERDUIDELIK EK VIR 'N NIE-CHRISTEN DAT ONS WERKLIK SKULDIG IS VOOR GOD EN DAT ONS 'N VERLOSSER NODIG HET?*

(Kyk ook Sondag 2 tot 4 van die Heidelbergse Kategismus.)

"Ek het ook al daaroor gedink hoeveel keer die gemiddelde mens op een dag sondig. Ek veronderstel dat dit seker vyftig of selfs 'n honderd of meer keer per dag kan wees. Johannes Calvyn het gesê dat die mens nie bewus is van 'n honderdste deel van die sonde wat aan sy siel kleef nie. Sommige sielkundiges verklaar dat alle mense 99% van hul sondes - al daardie dinge wat hulle verkeerd gedoen het, vergeet. Ons onderdruk dit omdat ons nie daarvan hou om aan onaangename dinge te dink nie."

"Veronderstel dat 'n persoon slegs tien of vyf of net drie keer op 'n dag sondig. Veronderstel dat hy nie meer as drie keer per dag homself sou skuldig maak aan verkeerde gedagtes, of sy humeur verloor, of nie gedoen het wat hy veronderstel was om vir God en vir ander mense te doen nie. Dit sou van hom vanuit 'n menslike oogpunt 'n redelik goeie mens maak, nie waar nie? En al sou hy ook so goed wees, het hy tog nog meer as 'n duisend oortredings per jaar teen hom. As hy die ouderdom van sewentig jaar bereik, sou hy sewentigduisend oortredings hê."

"Dink net wat sou gebeur met 'n gewoontemisdadiger wat in die hof moet verskyn met sewentigduisend oortredings op sy rekord!



Hoe verskriklik sal dit nie wees om met meer as sewentigduisend oortredings voor die hoogste Regter, voor God, te verskyn nie? Ons het beslis 'n Verlosser nodig. As jy wil kan ek jou van Hom vertel."

*Met erkenning aan EE Dissipelskap Opleidingsprogram.*

*Juan Mienie*




As jy kans sien vir 'n tafel vir die geleentheid te dek met 10 gaste,
kontak Ronelle Berry 083 630 9989

## SNIPPERS



## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan